20

# Van Rooyen boei met vreemde wêreld

**CHRISNA BEUKE-MUIR**

DIE BRANDENDE MAN, deur Piet van Rooyen. Protea Boekhuis, Pretoria, 2002. (Sagteband, 128 bladsye, ISBN 1 919825 68 1,R69,95.)

NA die spoorsny-trilogie Die Spoorsnyer (1994), Die Olifantjagters (1997) en Gif (2001) waarin die manlike hoofkarakter telkens op die spoor was van die verlore Self, beweeg Piet van Rooyen met sy jongste roman weg van die Afrika-milieu.

Die verteller en sy vriendin onderneem 'n reis na die Nevada-woestyn se Black Rock City om die fees van die Brandende Man by te woon. In die ware lewe het die fees sy oorsprong te danke aan 'n sekere Larry Harvey, wat as jong man ná 'n liefdesteleurstelling saam met sy vriende op 'n Kaliforniese strand 'n pop aan die brand gesteek het om sy smart te besweer. Hy het die volgende jaar die ritueel herhaal om `` 'n dieper dimensie" aan sy belewenis te gee die woorde van die Indiaan-karakter in die roman (bl. 15).

Die fees, waarop 'n man-konstruksie so hoog soos sewe verdiepings aan die brand gesteek word, het 'n jaarlikse instelling geword, en duisende mense trek saam om fees te vier.

Van Rooyen se manlike hoofkarakters verkeer dikwels in die dilemma dat hulle weinig beheer oor hul lot het en taamlik passief ten opsigte van die verhaalgebeure is. Die brandende man is geen uitsondering nie: die ek-verteller word die speelbal van die noodlot, hoewel die inligting wat hy vooraf op die internet kry, hom waarsku dat hy nie as toeskouer die fees kan bywoon nie, maar dat ``jy kom om te oorleef . . . te skep . . . te ervaar . . . (en) om te vier" (bl. 7, 8).

Ironies bly die hoofkarakter 'n toeskouer tot aan die einde as hy teen sy wil ingesleep word ``om te ervaar".

Die soektog na die verlore Self kan selde van religieuse kwessies geskei word, en in Die brandende man gebruik Van Rooyen met vrug die idee van 'n ritueel wat sterk op die religieuse steun. Deur die aanloop tot en die voltrekking van die ritueel van die groteske man-konstruksie wat aan die brand gesteek word, word die onskuldige en die bose teen mekaar uitgespeel en slaag Van Rooyen daarin om uit te wys hoe vaag hierdie skeidslyn tussen goed en kwaad is.

Daar is byvoorbeeld vele verwysings na Christus en die wedergeboorte. Aan die begin van die verhaal word gesê dat diegene wat die fees bygewoon het, daarna nie meer dieselfde is nie. En dan word by die leser die saadjie geplant dat dié Larry Harvey skepper van die oorspronklike brandende man met Christus vergelyk kan word deurdat hy en Hy vanuit 'n vergelykbare milieu kom: ``Die ou wat dié ding begin het Larry Harvey, nè sy pa was 'n skrynwerker uit 'n eenvoudige familie" (bl. 34). En later in die roman vra die Bonnie-karakter: ``Was J.C. dan nie self ook net 'n brandende man nie?" (bl. 80).

Tog blyk die fees boos en duiwels te wees weens die satanistiese tonele wat hulle in van die tema-tente afspeel. Ook die ``tjap op die handrug" (bl. 35) wat die feesgangers kry as hulle die stad binnegaan, herinner aan die merk van die dier waarvan in Openbaring geskryf word.

Soos Andries Visagie onlangs in Boekewêreld opgemerk het, draai Van Rooyen se manlike karakters soms by die dood om en kom hulle slegs deur geweld nader aan die suiwer oer-Self waarna hulle streef. Dit strook met die ervaring van die manlike karakter in Die brandende man, want na afloop van die

skokgebeure in die laaste tema-tent erken hy teenoor homself: ``Iets klop aan my deur, iets vra om onthou te word" (bl. 114) en ``Meteens is ek tevrede. So wil ek bestaan, net een reusagtige, dawerende hart wat alle bestaan uit my verdryf, alle verlange en onsekerheid doodmaak"(bl. 115).

Hoewel onmiskenbaar 'n Van Rooyen-boek, is Die brandende man anders as sy voriges. Daar word onder meer weg van die jagveld en nader aan die beskawing beweeg hoewel Black Rock City 'n beskawing van buitestaanders verteenwoordig.

Ek glo dat hierdie roman die belangstelling van die gesofistikeerde manlike lesers sal wek, 'n lesersmark wat Van Rooyen spesifiek in gedagte het by die skryf van sy romans. Die ritueel van die brandende man wat blootgelê word, bied boeiende leesstof wat die Afrikaanse leser in Afrika konfronteer met kwessies rakende (onder meer) identiteit teen 'n religieuse agtergrond in 'n vreemde, interessante wêreld weg van Afrika.

Chrisna Beuke-Muir is verbonde aan die program vir Afrikaans van die Universiteit van Namibië.